
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## EKONOMIE V2

## NASIENRIGLYNE

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 22 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 C - nemer ✓✓
1.1.2 B - natuurlik ✓✓
1.1.3 A - gemiddelde veranderlike✓✓
1.1.4 D - direkte beheer ✓✓
1.1.5 A - 3% - 6% ✓✓
1.1.6 D - een ✓✓
1.1.7 B - deflasie ✓✓
1.1.8 C - ontbossing ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 E - ten minste een produksiefaktor bly vas✓

1.2.2 I - 'n eksklusiewe reg om 'n bepaalde produk te vervaardig ✓

1.2.3 F - opgelê deur die owerheid om produsente van noodsaaklike goedere toe te laat om winsgewend te wees✓

1.2.4 G - gratis deur die owerheid voorsien✓

1.2.5 B - skakel huidige (nominale) pryse om na konstante (reële) pryse✓

1.2.6 A Suid-Afrikaanse inwoners wat na ander lande reis✓

1.2.7 D - omsien na natuurlike hulpbronne om te verseker dat dit nie totaal opgebruik word nie.✓

1.2.8 C - vrystelling van afvalstowwe in die omgewing✓ (8 x 1) (8)

### 1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Implisiete koste ✓
1.3.2 Skaalvoordele ✓
1.3.3 Minimumlone ✓
1.3.4 Vraagtrek-inflasie ✓
1.3.5 Inheemse kennisstelsel ✓
1.3.6 Hernubare bronne ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Gee enige TWEE voorbeelde van markte wat as volmaakte mededinging beskou kan word.**

- Johannesburgse Sekuriteitsbeurs (JSE) ✓
- Buitelandse valuta-markte✓
- Landbouprodukte-mark✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

2.1.2 **Waarom is kostevoordeel-ontleding (KVO) vir openbare projekte belangrik?**

- Om die verwagte sosiale koste en sosiale voordele van 'n nuwe openbare projek oor sy beraamde lewensduur te vergelyk✓✓
- Om groter objektiwiteit te bring in besluitneming rakende die uitvoering van openbare projekte ✓✓
- Om doeltreffende toewysing van hulpbronne te verseker✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer 'n voorbeeld van nie-prys mededinging uit die uittreksel hierbo.**

- Produkdifferensiasie (Kwaliteit van die bestanddele, kwaliteit van hulle kos, gasvryheidsdienste) ✓
- Ligging ✓ (1)

2.2.2 **Noem die tipe wins wat op lang termyn deur 'n monopolistiese mededinger verdien word.**

Normale wins✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *monopolistiese mededinging.***

Bestaan in 'n mark waar daar relatief baie besighede is wat gedifferensieerde produkte verkoop/ 'n Markstruktuur wat die kenmerke van volmaakte mededinging en monopolie kombineer.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.4 **Verduidelik die rol van advertensie in ‘n monopolistiese mededingende mark.**

- Advertensies word gebruik om produkbewustheid en handelsmerklojaliteit te skep.✓✓

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Besighede kan adverteer om klante in te lig oor die onderskeidende kenmerke van die produk✓✓
- Monopolistiese mededingingende besighede kan advertensies gebruik om klante te lok om hul produkte te koop✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.5 **Waarom geniet 'n monopolis groter winste as 'n monopolistiese mededinger?**

- 'n Monopolis het geen mededinging nie, terwyl die monopolistiese mededinger ‘n hoër mate van mededinging het wat pryse verlaag, daarom minder wins✓✓
- 'n Monopolis kan pryse tot hoër vlakke manipuleer terwyl die monopolistiese mededinger min beheer oor pryse het as gevolg van baie verkopers✓✓
- 'n Monopolis kan hoër pryse vra en hoër wins maak omdat die vraag onelasties is, terwyl 'n monopolistiese mededinger nie hoër pryse kan vra nie as gevolg van elastiese vraag, wat tot laer wins lei.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

## 2.3 DATARESPONS

2.3.1 **Identifiseer die kromme wat die marginale private voordeel verteenwoordig.**

VV/V✓ (1)

2.3.2 **Verskaf enige EEN voorbeeld van negatiewe eksternaliteite.**

- Besoedeling✓
- Siektes en kwale✓
- Verkeersopeenhoping✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *eksternaliteite.***

Koste en voordele vir derde partye wat nie by markprys ingesluit is nie/ Oorspoel-effekte na individue en besighede wat nie direk betrokke is by die verbruik en produksie van goedere en dienste nie✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.4 **Waarom word hoeveelheid $H_1$ as sosiaal doeltreffend beskou?**

Die prys by hoeveelheid $H_1$ neem die eksterne voordele van onderwys in ag / Hoeveelheid $H_1$ word verruil teen 'n prys waar die marginale private koste gelyk is aan die marginale sosiale voordeel.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




2.3.5 **Hoe kan die owerheid die verbruik van meriete goedere aanmoedig?**

- Die owerheid kan verbruikersubsidies verskaf om die pryse van merietegoedere te verlaag wat die vraag laat toeneem✓✓
- Die owerheid kan belastingvrystellings verskaf wat merietegoedere meer bekostigbaar vir verbruikers toelaat. ✓✓
- Die owerheid kan meriete goedere soos onderwys en gesondheidsorg gratis of teen 'n laer koste verskaf wat mense sal aanmoedig om meer hoeveelhede te koop✓✓
- Publieke positiewe veldtogte kan gebruik word om die publiek in te lig oor die voordele van merietegoedere om die vraag te verhoog✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 **Met behulp van 'n korrek benoemde grafiek, verduidelik die verhouding tussen *totale koste (TK), konstante koste (KK)* en *veranderlike koste (VK).***




**Toekenning van punte:** ✓
- Benoeming van die asse = 1 punt
- Korrekte tekening en benoeming van die TK kromme = 1 punt
- Korrekte tekening en benoeming van die VK kromme= 1 punt
- Korrekte tekening en benoeming van die KK kromme= 1 punt

**(Maks 4)**

- Konstante koste (KK) is die verskil tussen die totale koste (TK) en die veranderlike koste (VK)/ Veranderlike koste is die verskil tussen die totale koste en konstante koste/ Totale koste is die som van veranderlike koste en konstante koste✓✓
- Die veranderlike koste kromme begin vanaf nul (0) terwyl die totale koste kromme vanaf die vastekoste-kromme op die vertikale as begin ✓✓
- Totale koste en veranderlike kostekrommes helling opwaarts soos die hoeveelheid toeneem. ✓✓
- Die gaping tussen die totale kostekromme en die veranderlike kostekromme verteenwoordig die waarde van vaste koste- ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 4) (8)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.5 **Hoe kan ‘n gebrek aan inligting deur verskeie markdeelnemers tot wanverdeling van hulpbronne lei.**

- Markdeelnemers het nie altyd die nodige inligting tot hul beskikking om rasionele en ingeligte besluite te neem nie✓✓
- Verbruikers kan hoër pryse betaal weens 'n gebrek aan inligting aangaande die pryse van goedere en dienste wat deur verskillende verskaffers gehef word✓✓
- Verbruikers koop produkte wat skadelik vir hul gesondheid is omdat hulle nie voldoende inligting oor die bestanddele het nie✓✓
- Werkers mag minder inkomste verdien omdat hulle onbewus is van ander werksgeleenthede buite hul huidige werk✓✓
- Potensiële werkers kan werkloos bly weens ‘n gebrek aan inligting aangaande die beskikbare werksgeleenthede in verskillende bedrywe✓✓
- Besighede gaan hoër produksiekoste aan as gevolg van ‘n gebrek aan kennis oor nuwe tegnologieë wat meer koste-doeltreffend is✓✓
- Produsente kan ontwrigtings in hul bedrywighede ervaar omdat hulle nie inligting oor die beskikbaarheid van produksie-insette soos grondstowwe het nie✓✓
- Gebrek aan akkurate inligting oor die produktiwiteit van arbeid kan daartoe lei dat entrepreneurs onbevoegde werkers in diens neem✓✓
- Beleggers kan sakegeleenthede aandurf wat minder winsgewend is as gevolg van 'n gebrek aan voldoende kennis oor markaangeleenthede✓✓
- Die owerheid kan beleide implementeer wat nie die doeltreffendheid van die mark verbeter nie weens 'n gebrek aan inligting aangaande die werklike heersende marktoestande✓✓
- Produsente wat meer van die mark as kopers weet, kan 'n situasie skep waar kopers uitgebuit word.. ✓✓
- Sommige produsente kan selfs hul kennis van marktoestande gebruik om toegang van nuwe deelnemers tot die mark te keer. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**('n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir blote lys van feite/voorbeelde)** (4 x 2) (8)
**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 **Gee enige TWEE tipes verbruikersinflasie.**

- Hooflyn/ VPI inflasie ✓
- Kern ✓
- Geadministreerde pryse ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Waarom word belasting op toerisme-aktiwiteite deur die owerheid gehef of ingevorder??**

- Om inkomste in te samel om staatsuitgawes te finansier.✓✓
- Om die eksterne koste aangegaan as gevolg van toerisme-aktiwiteite te verhaal.✓✓
- Om die gasheergemeenskap te vergoed vir die verskaffing van infrastruktuur en geriewe wat hulle gebruik.✓✓
- Om inkomste in te samel om ontwikkelingsdoelwitte te bereik.✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer 'n positiewe impak van inflasie op die verbruiker in die spotprent hierbo.**

Minder reële skuldwaarde ✓ (1)

3.2.2 **Noem die instelling wat rentekoerse gebruik om inflasie in Suid-Afrika te beheer.**

Suid-Afrikaanse Reserwebank/ SARB✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *stagflasie.***

Kom voor wanneer die ekonomie lae vlakke van ekonomiese groei met hoë vlakke van werkloosheid sowel as hoë inflasiekoers ervaar✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.4 **Verduidelik die impak van inflasie op belastingbetalers.**

- Inflasie verhoog die belastingbetalers se nominale inkomste selfs wanneer hul reële inkomste onveranderd bly of afneem✓✓
- Belastingbetalers betaal hoër belastingkoerse namate hul nominale inkomste toeneem, selfs al is hulle nie beter daaraan toe as voorheen nie (blokkruipping). ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.2.5 **Hoe kan natuurlike rampe tot inflasie in die ekonomie bydra?**

- Ongunstige weersomstandighede soos droogtes, vloede en aardverwarming kan die produksiekoste verhoog, wat tot 'n styging in pryse van goedere en dienste lei✓✓
- Natuurrampe kan tot onbeplande besteding lei soos herboukoste deur besighede wat deur die styging in pryse van goedere en dienste verhaal kan word✓✓
- Natuurrampe kan die aanbod van goedere en dienste verminder wat die algemene prysvlak kan verhoog as die vraag dieselfde bly.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer die getal SAOG toeriste-aankomste in die 4de kwartaal van 2023.**

1,7 miljoen ✓ (1)

3.3.2 **Gee enige EEN omgewings-Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika.**

- iSimangiliso-vleilandpark/ Groter St Lucia -vleilandgebied✓
- Kaapse Fynbosstreek ✓
- Maloti/ uKhahlamba Drakensberg park✓
- Vredefort-koepel✓
- Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap✓
- Barberton Makhonjwa✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *binnelandse toerisme.***

Die aktiwiteite van mense, wat plekke binne die grense van hul eie land besoek✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.4 **Verduidelik die impak van 'n swakker rand op buitelandse toeriste-aankomste.**

Buitelandse toeriste-aankomste kan toeneem namate dit vir hulle goedkoper word om Suid-Afrika te besoek of geld te spandeer ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.3.5 **Hoe kan die Suid-Afrikaanse owerheid verseker dat toeriste die verskeie bestemmings oor die land besoek?**

- Die Suid-Afrikaanse owerheid kan verteenwoordigende liggame skep om inligting oor alle toeriste-aantreklikhede in die land te verskaf.✓✓
- Die Departement van Toerisme kan bemarking verbeter om akkurate inligting oor produkbeskrywings en pryse in minder bekende toeristebestemmings te verskaf.✓✓
- Die owerheid behoort ondersteunende dienste soos vervoer, verblyf en ander geriewe in minder ontwikkelde toeristebestemmings te verbeter.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.4 **Bespreek kortliks *uitvoerverdienste* en *owerheidsbesteding* as oorsake van vraagtrek-inflasie.**

**Uitvoerverdienste**

- Groei in ekonomieë van handelsvennootlande kan 'n vraag na 'n verskeidenheid plaaslike produkte skep.✓✓
- Toename in die wêreldvraag na kommoditeite kan lei tot groter volumes van Suid-Afrikaanse uitvoere soos goud.✓✓
- Die inkomste wat uit uitvoere verdien word, kan bydra tot die totale vraag in Suid-Afrika, wat hoër pryse tot gevolg het✓✓
- Toename in vraag na uitvoere sonder ooreenstemmende toename in aanbod van goedere en dienste kan prysstygings tot gevolg hê.✓✓

(Maks. 4)

**Owerheidsbesteding**

- 'n Toename in staatsbesteding aan infrastruktuurontwikkeling, verbruiksbesteding en maatskaplike besteding kan tot 'n toename in totale vraag lei.✓✓
- 'n Toename in staatsbesteding sonder 'n ooreenstemmende styging in totale aanbod kan tot prysstygings lei.✓✓
- Toenames in staatsbesteding wat deur lenings vanaf die bankstelsel gefinansier word, voeg geld in omloop wat die vraag na goedere en dienste verhoog.✓✓ (Maks. 4)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**('n Maksimum van 4 punte mag toegeken word vir blote lys van feite/voorbeelde)** (8)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.5 **Hoe kan toerisme aktiwiteite Suid-Afrika negatief beïnvloed?**

- Ontwikkeling van infrastruktuur en fasiliteite vir toerisme kan permanente omgewingsherstrukturering veroorsaak.✓✓
- Vervoer van toeriste kan verkeersopeenhopings in toeristegebiede gedurende vakansieseisoene teweeg bring.✓✓
- Toerisme kan tot die verlies van wildelewe-spesies lei as gevolg van aktiwiteit soos safari-jag.✓✓
- Toename in toerisme kan tot die gebruik van water in groot hoeveelhede lei en kan tot watertekort, veral in droë gebiede lei.✓✓
- Gebruik van vliegtuie deur toeriste kan tot geraas-besoedeling vir inwoners naby lughawens lei.✓✓
- Bykomende vraag na goedere en dienste deur toeriste kan tot produktekorte op plaaslike mark lei.✓✓
- Plaaslike pryse kan styg wat veroorsaak dat plaaslike verbruikers nie basiese goedere en dienste kan bekostig nie, wat armoede kan verhoog.✓✓
- Infrastruktuur by toeristeterreine kan onder druk verkeer om vir 'n groot aantal toeriste voorsiening te maak.✓✓
- Toeriste-aktiwiteite kan omgewingskade by toeristeterreine veroorsaak deur bykomende afvalprodukte.✓✓
- Toerisme kan bevolkingsdinamika beïnvloed as gevolg van migrasie en veranderinge in bevolkingsdigtheid aan die behoefte vir toeristeterreine.✓✓
- Mense kan hervestigingskoste aangaan aangesien hulle van hul grond verplaas word om plek te maak vir toerisme-ontwikkeling ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**('n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir blote lys van feite/voorbeelde)** (4 x 2) (8)

**[40]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 **Noem TWEE tipes ondoeltreffendheid wat deur markmislukking veroorsaak word.**

Produktiewe/ tegniese ondoeltreffendheid✓
Toedelings/allokering✓ (2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoe kan die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) opemarktransaksies gebruik om geldvoorraad in die ekonomie te verminder?**

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB kan staatseffekte of effekte aan handelsbanke verkoop wat die hoeveelheid geld in omloop sal verminder. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer die kromme wat die aanbodkromme vir die individuele firma in die grafiek hierbo verteenwoordig.**

Marginale koste/ (MK) ✓ (1)

4.2.2 **Noem die aard van produkte wat in 'n volmaakte mark verkoop word.**

Homogeen/ Identies✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *marginale inkomste.***

Die bykomende bedrag aan inkomste verdien deur die verkoop van een ekstra eenheid van 'n produk✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.4 **Waarom is die individuele firma se vraagkromme horisontaal?**

Die firma kan slegs verskillende hoeveelhede teen dieselfde prys verkoop omdat dit 'n prysnemer is / 'n Groot aantal verkopers in die mark maak dat die individuele firma nie 'n invloed oor die markprys het nie. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.5 **Gebruik die grafieke hierbo om te verduidelik hoe ekonomiese verlies op kort termyn tot normale wins op lang termyn lei.**

- Ekonomiese verlies dwing sommige besighede om die mark te verlaat en die markaanbodkromme skuif na links van $A_1$ na $A_2$✓✓
- Die afname in aanbod sal 'n styging in markprys van $P_1$ na $P_2$ tot gevolg hê wat tot 'n daling in verliese lei✓✓
- Op die langtermyn sal die oorblywende besighede normale wins maak wanneer die prys P2 gelyk aan die gemiddelde koste sal wees✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer die prent wat met ekotoerisme verband hou.**

Prent A✓ (1)

4.3.2 **Noem die instelling wat vir die bevordering van toerisme in Suid-Afrika verantwoordelik is.**

Suid-Afrikaanse Toerisme (SAT/ SATOUR)✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *paleo-toerisme.***

Die aktiwiteite van toeriste wat terreine van argeologiese belangrikheid besoek om van fossiele te leer.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 **Verduidelik die impak van huishoudings se inkomstevlakke op toerisme.**

Toename in huishoudings se besteebare inkomste kan die aantal mense wat in toerisme aktiwiteite deelneem vermeerder / Afname in besteebare inkomste verminder die aantal mense wat vir ontspanning en vermaak.reis ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.5 **Waarom sal Suid-Afrikaners ontmoedig word om toeristegebiede in die land te besoek?**


- Sosiale onruste en hoë misdaadsyfers kan mense ontmoedig om toeriste-aantreklikhede in sekere dele van die land te besoek✓✓
- Gesondheidsgevare soos malaria en onveilige drinkwater kan mense ontmoedig om toeristeterreine in die geaffekteerde gebiede te besoek✓✓
- Natuurrampe, soos vloede, siklone en swaar reën kan toeristeterreine en infrastruktuur vernietig wat toerisme-aktiwiteite regoor die land kan ontwrig✓✓
- Toenemende koste, soos toegangsfooie, verblyf en vervoer, kan daartoe lei dat sommige mense dit nie kan bekostig om verskeie terreine regoor die lande te besoek nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.4 **Met behulp van 'n korrek benoemde grafiek, verduidelik die effek van maksimum pryse op die mark.**




**Toekenning van punte:**
- Benoeming van die asse (prys en hoeveelheid) = 1 punt
- Korrekte tekening en benoeming van vraag en aanbodkromme = 1 punt
- Korrekte aanduiding of benoeming van maksimum prys = 1 punt
- Korrekte benoeming op die asse =1 punt

**(Maks 4)**

- Die owerheid stel 'n maksimum prys van P1 onder die ewewigsmarkprys P om verbruikers in staat te stel om basiese produkte te bekostig ✓✓
- Die hoeveelheid gevra neem toe van H na $H_2$ en die hoeveelheid aangebied neem af van H na $H_1$. ✓✓
- 'n Tekort van $H_1$ tot $H_2$ word in die mark geskep aangesien vraag meer is as aanbod✓✓
- Produktekorte kan lei tot die skepping van swartmarkte, waar die goedere teen hoër pryse verkoop kan word ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 4) (8)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.5 **Ontleed die maatreëls wat gebruik kan word om kostedruk-inflasie te bekamp.**

- Verbetering van onderwys en opleiding om produktiwiteit te verhoog wat help om die gemiddelde koste van produksie te verminder en totale aanbod te verhoog✓✓
- Belegging in tegnologie om produktiwiteit te verbeter wat die produksiekoste sal verlaag✓✓
- Die bevordering van mededinging binnelands en van die buiteland wat help om hoë winsgrense van besighede te beheer✓✓
- Die instelling van prysbeheer, soos maksimum pryse, op sekere goedere en dienste om te verseker dat dit bekostigbaar bly✓✓
- Implementering van 'n loonbeleid om die inflasionêre spiraal van verhoogde lone en pryse hok te slaan✓✓
- Vermindering van invoerbeheer om ingevoerde produksie-insette, soos landbouchemikalieë, goedkoper te maak en produksiekoste te verminder✓✓
- Verbeter die doeltreffendheid van infrastruktuurdienste, soos energie en vervoer, om die koste om sake te doen in die ekonomie te verminder✓✓
- Die verskaffing van subsidies aan produsente van sekere goedere en dienste om hul produksiekoste te verminder✓✓
- Bevordering van kleinsake-ontwikkeling om mededinging te verhoog en die aanbod van goedere en dienste te verhoog✓✓
- Vermindering van belasting wat deur ondernemings betaal word om hul produksiekoste te verminder wat hulle in staat stel om uitsette te produseer✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**('n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir blote lys van feite/voorbeelde)** (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Ondersoek in detail die oligopolie markstruktuur. (26 punte)**
- **Hoe het die mededingingsbeleid gehelp om die anti-mededingende gedrag in Suid-Afrika te verminder? (10 punte)**

**INLEIDING**

Markstruktuur beskryf hoe kopers en verkopers georganiseer is en in 'n mark interaksie het / Verwys na die kenmerke van 'n mark wat sy prestasie en die vlak van mededinging beïnvloed. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevant inleiding) (Maks. 2)

**LIGGAAM**

**HOOFDEEL**

**KENMERKE VAN OLIGOPOLIE**

**Aantal besighede** ✓
- Slegs 'n paar groot besighede wat die oligopoliemark oorheers✓✓ Bv. die mobiele netwerk-bedryf✓✓
- Daar is beperkte mededinging in 'n oligopoliese markstruktuur. ✓✓
- 'n Mark wat slegs deur twee besighede oorheers word, word 'n duopolie genoem.✓✓

**Aard van die produk** ✓
- Wanneer die produk gedifferensieer word, staan die mark as 'n gedifferensieerde oligopolie bekend. ✓✓
- Produkdifferensiasie is 'n strategie wat deur besighede gebruik word om hul produkte verskillend as mededingers s'n te maak wat kleur, grootte, kwaliteit en voorkoms betref. ✓✓Bv. selfoonbedryf✓
- Wanneer die produk homogeen is, word die mark as suiwer oligopolie beskou ✓✓Bv brandstofbedryf.✓

**Toetrede** ✓
- Hindernisse tot toetrede maak dit moeilik vir nuwe besighede om 'n oligopoliemark te betree. ✓✓
  Die hindernisse tot toetrede sluit onder andere skaalvoordele, hoë ontwikkelings-koste, lisensies en groot kapitaalvereistes in. ✓✓
- Hindernisse tot toetrede laat oligopolie- besighede toe om ekonomiese wins op die langtermyn te maak.✓✓

**Inligting** ✓
- Nie die produsent of die verbruiker het volledige inligting oor die heersende marktoestand nie.✓✓
- Alhoewel oligopolie-besighede mekaar fyn dophou, is dit vir hulle moeilik om te weet hoe hul mededingers op hul besluite en optrede gaan reageer. ✓✓
- Dit is moeilik vir Vodacom om te weet hoe MTN, Telkom en Cell-C op sy promosiestrategieë, soos nagskofte gaan reageer✓✓

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




**Beheer oor die prys** ✓
- Oligopolie-besighede het oor die algemeen aansienlike beheer oor die prys van hul produk, hoewel dit minder as 'n monopolie is. ✓✓
- Oligopolieë verkry beheer oor die prys, veral wanneer hulle gesamentlike besluite neem, deur prysleierskappe en kartelle. ✓✓

**Onderlinge afhanklikheidheid**✓
- Daar is 'n paar besighede wat 'n bepaalde produk verkoop, elke besigheid is afhanklik van ander besighede se optrede.✓✓
- Besluite deur een besigheid kan besluite deur ander besighede beïnvloed.✓✓
- 'n Oligopolie se besluite oor die daling of verhoging van die pryse, is meer kompleks as ander markte as gevolg van ander besighede se optrde en reaksie.✓✓

**Vraagkromme** ✓
- Oligopolie-besighede het 'n geknakte(geknikte) vraagkromme as gevolg van onderlinge afhanklikheid. ✓✓
- 'n Geknakte vraagkromme is 'n vraagkromme met twee segmente, een wat elasties en die ander een wat onelasties is. ✓✓

  **Geknakte vraagkromme is gebaseer op die volgende aannames:**
- Wanneer een besigheid die prys verhoog, sal sy mededingers nie die skuif volg nie en kliënte sal hul aankope na ander besighede met laer pryse verskuif.✓✓ Die onderneming wat die prys verhoog het, sal baie klante verloor en die vraag sal elasties wees ✓✓
- Wanneer een besigheid besluit om die prys te verlaag, sal ander besighede ook hul pryse verlaag ✓✓ Die besigheid wat die prys verlaag het, sal baie min klante kry en vraag sal onelasties wees. ✓✓
- 'n Oligopoliebesigheid is geneig om 'n elastiese vraagkromme te hê wanneer dit die prys verhoog en 'n onelastiese vraagkromme wanneer dit die prys verlaag. ✓✓




**Toekenning van punte:**
- Korrekte benoeming van die asse = 1 punt
- Korrekte aanduiding van die knak/knik = 1 punt
- Korrekte benoeming van vraagkromme= 1 punt
- Korrekte benoeming op die asse (prys en hoeveelheid)=1 punt

**4 Punte**

- Bo prys P, is vraag elasties en onder prys P, is vraag onelasties. ✓✓
- 'n Oligopolie sal altyd die prys by die knak handhaaf omdat daar geen aansporing vir 'n oligopolie is om sy prys te verhoog of te verlaag nie. ✓✓


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Samespanning** ✓
- Samespanning is 'n ooreenkoms binne dieselfde bedryf om mededinging onder mekaar te verminder. ✓✓ Bv. Prysvasstelling, ✓
- Formele samespanning is in die vorm van kartelle soos OPUL wat ook na eksplisiete of openlike samespanning verwys word✓✓
- Informele samespanning is in die vorm van prysleierskap wat ook na implisiete of stilswyende samespanning verwys word ✓✓

**Nie-prys kompetisie**✓
- Oligopolieë probeer om te verhoed dat hulle op pryse meeding omdat prysverlaging tot vernietigende prysoorloë kan lei wat hul winste uitskakel. ✓✓
- Oligopolieë sal eerder van nie-prysmededingingsmetodes gebruik maak om hul klantebasis te vergroot. ✓✓
- Hulle maak gebruik van nie-prysmededinging, soos produkdifferensiasie, handelsmerke en advertensies, om klante te lok en hul markaandeel te vergroot. ✓✓

**Wins/verlies**✓
- Oligopolistiese firmas kan ekonomiese wins op beide korttermyn en langtermyn maak.✓✓

**Produktiewe en toedelingsdoeltreffendheid** ✓
- Oligopoliebesighede bereik nie allokatiewe doeltreffendheid nie omdat hulle nie die optimale uitset lewer nie. ✓✓
- Oligopolieë bereik nie produktiewe doeltreffendheid nie omdat hulle nie teen die laagste moontlike gemiddelde koste produseer nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 26)
**(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)**

**ADDISIONELE DEEL**

- Die Mededingsbeleid het die misbruik van ekonomiese mag deur monopolie verhoed deur die vestiging van nuwe besighede in verskeie markte ✓✓
- Regulering van samesmeltings en oornames het gehelp om die groei van ekonomiese mag te verminder.✓✓
- Die Mededingsbeleid het voorsiening gemaak vir die instelling van die Mededingingskommissie om beperkende praktyke soos prysvasstelling deur oligopolies te ondersoek. ✓✓
- Die instelling van die Mededingingstribunaal het gehelp om onbillike metodes van uitoefening van markmagte te verminder deur boetes en strawwe op te lê aan besighede wat skuldig bevind word.✓✓
- Die Mededingingsappèlhof hersien of wysig besluite wat deur die Mededingingstribunaal geneem is op 'n manier wat verseker dat mededinging nie benadeel word nie. ✓✓
- Verbruikers word teen onbillike pryse en minderwaardige produkte beskerm deur die implementering van die Mededingingswet.✓✓
- Die Mededingsbeleid het die gelykheid in markte verbeter deur aan alle Suid-Afrikaners gelyke geleenthede te gee om aan ekonomiese aktiwiteite deel te neem.✓✓
- Buitelandse mededinging is toegelaat wat gehelp het om die markoorheersing deur plaaslike groot besighede te verminder.✓✓
- Gesonde mededinging is bevorder wat gehelp het om die doeltreffendheid van markte te verbeter.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 10)
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite)**

SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**SLOT**

Oligopolie-besighede kan ekonomiese wins op beide die korttermyn en langtermyn geniet as gevolg van die markmagte wat hulle besit / Oligopolieë produseer goedere en dienste teen 'n hoër koste en gebruik hulpbronne ondoeltreffend wat tot hoër pryse en vermorsing van hulpbronne in die ekonomie kan lei✓✓

*(*Aanvaar enige ander korrekte relevante hoë-orde slot) (Maks. 2) **[40]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in detail hoe die owerheid volhoubare ontwikkeling of omgewingsvolhoubaarheid kan verseker. (26 punte)**
- **Ontleed die internasionale maatreëls geneem om omgewingsprobleme te verminder. (10 punte)**

**INLEIDING**
Omgewingsvolhoubaarheid verwys na die vermoë van die omgewing om die gebruik daarvan vir ekonomiese aktiwiteit te oorleef / Volhoubare ontwikkeling verwys na ontwikkeling wat aan die behoeftes van die huidige generasie voldoen sonder om die vermoë van toekomstige geslagte om in hul eie behoeftes te voorsien, in te boet ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) (Maks 2)

**LIGGAAM**

**HOOFDEEL:**

**OWERHEIDSMAATREËLS OM VOLHOUBARE ONTWIKKELING TE VERSEKER**

**Toeken van eiendomsregte**✓
- Eiendomsreg het 'n bewaringseffek waardeur mense sal sorg vir hulpbronne wat aan hulle behoort. ✓✓
- Eiendomsreg bevorder kollektiewe verantwoordelikheid teenoor die omgewing, terwyl dit terselfdertyd oorbenutting voorkom. ✓✓
- Mense word eiendomsreg toegeken as hulle instem om die flora en fauna te bewaar om uitwissing te voorkom. ✓✓
- Eiendomsreg kan uitgebrei word na gemeenskaplike hulpbronne soos skoon lug.✓✓
- Die Kyoto Protokol is 'n internasionale ooreenkoms waarvolgens ontwikkelde lande ontwikkelende lande betaal vir hul reg om te besoedel. ✓✓

**Betaal vir omgewingsgebruik**✓
- Die regering hef fooie vir afval wat geproduseer en in die omgewing gestort word.✓✓
- In Suid-Afrika hef plaaslike owerhede heffings op vullisverwydering en rioolverwydering. ✓✓
- Die beste resultate word behaal wanneer heffings proporsioneel is (verwant aan) tot afval wat geproduseer word. ✓✓
- Uitlaatgasheffings word gebruik wanneer die owerhede 'n prys per eenheid van besoedeling vasstel. ✓✓

**Hef van omgewingsbelasting**✓
- Omgewingsbelasting word gehef word op die uitsette van goedere wat eksterne omgewingskoste soos besoedeling genereer. ✓✓
- Omgewingsbelasting verseker dat praktyke wat skadelik vir die omgewing is, verminder word. ✓✓
- Die owerheid kan die inkomste wat deur omgewingsbelasting gegenereer word, gebruik om in omgewingskwessies terug te ploeg. ✓✓
- In Suid-Afrika word koolstofbelasting gehef op koolstofdioksied-vrystellings van nywerheidsprosesse, brandstofverbranding en voertuigbande. ✓✓
- Die koers van omgewingsbelasting moet gelyk wees aan die marginale eksterne koste. ✓✓


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Betaal omgewingsubsidies**✓
- Omgewingsubsidies verwys na die betaling wat die owerheid aan besighede maak om aktiwiteite te verminder wat die omgewing negatief beïnvloed. ✓✓
- Subsidies word toegestaan om; -
  - besighede aan te moedig om nuwe tegnologieë of toerusting soos LUD (LED)-gloeilampe en sonkrag-geisers te ontwikkel. ✓✓
  - produksie van omgewingsvriendelike plaasvervangers soos herbruikbare inkopiesakke en herlaaibare batterye te bevorder. ✓✓
  - herwinning van afvalmateriaal soos bottels en blikkies aan te moedig. ✓✓
  - besighede aan te moedig om omgewingsvriendelike energiebronne soos sonkrag en wind te gebruik. ✓✓
- Omgewingsubsidies kan van die heffing van belasting verhaal word. ✓✓

**Uitreik van bemarkbare permitte**✓
- Bemarkbare permitte is lisensies wat deur die owerheid aan besighede verkoop word wat hulle toelaat om tot 'n sekere mate (vlak) te besoedel. ✓✓
- Die owerheid besluit op 'n maksimum verlangde vlak van besoedeling in 'n bepaalde gebied. ✓✓
- Besighede met lae vlakke van besoedeling kan 'n gedeelte van hul permitte aan firmas met hoe vlakke van besoedeling verkoop ✓✓
- In Suid-Afrika word bemarkbare permitte deur die Departement van Minerale en Energie toegestaan. ✓✓

**Bevel en Beheer (BEB)** ✓
- BEB verwys na regulasies wat deur die owerheid ingestel word om omgewings-beperkings en -standaarde af te dwing. ✓✓
- Die owerhede dwing beleid af deur maksimumvlakke van die vrystelling van besoedeling vas te stel. ✓✓
- Die Departement van Omgewingsake stel inspekteurs aan om die omgewings-aktiwiteite van besighede te monitor en boetes op te lê indien die wetlike perke nie nagekom word nie. ✓✓
- Die meeste ontwikkelde lande het regulasies wat lug- en waterbesoedeling beheer. ✓✓:
- Daar is 3 benaderings in BEB stelsels:
  - **Hoeveelheidstandaarde** wat fokus op die hoeveelheid besoedeling wat vrygestel word✓✓
  - **Kwaliteitstandaarde** wat fokus op die omgewingsimpak van die besoedeling wat vrygestel word ✓✓
  - **Sosiale impakstandaarde** wat fokus op die effek van die besoedeling wat op mense vrygestel word. ✓✓

**Vrywillige ooreenkomste** ✓
- Vrywillige ooreenkomste verwys na formele en informele reëlings tussen die owerheid en besighede om besoedeling te verminder. ✓✓
- Besighede word bemagtig om ooeenkomste te onderhandel wat by hul eie omstandighede pas en beter geleentheid vir beplanning skep. ✓✓
- Vrywillige ooreenkomste verseker toewyding deur besighede soos hulle ooreenkomste ondersteun wat hulle onderhandel het.✓✓


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Onderwys** ✓
- Onderwys verwys na metodes wat gebruik word om bewustheid te skep en mense se houding teenoor die omgewing te verander. ✓✓
- Bewustheid van omgewingskwessies verseker beter besluitneming in interaksie met die omgewing. ✓✓
- Om kinders op te voed oor die uitwerking van hul optrede op die omgewing, help hulle om meer omgewingsbemagtigde volwassenes te word. ✓✓
- Die oprigting van gemeenskapswildreserves leer mense oor die belangrikheid van die omgewing te beskerming. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)** (Maks 26)

**ADDISIONELE DEEL:**

- Die Konvensie oor Internasionale Handel in Bedreigde Spesies (CITES) verbied internasionale kommersiële handel op 'n lys van bedreigde spesies om biodiversiteitsverlies te verminder. ✓✓
- CITES gebruik permitte en kwotas om handel in ander spesies wat bedreig kan word, te reguleer en te monitor. ✓✓
- Die Basel konvensie beheer die wegdoening van gevaarlike afval deur die uitvoer daarvan slegs toe te laat aan partye wat nie die invoer daarvan verbied het nie. ✓✓
- Lande word verplig om die in- of uitvoer van gevaarlike afval te voorkom as hulle rede het om te glo dat dit nie op 'n omgewingsvriendelike manier hanteer sal word nie✓✓
- Die Stockholm protokol verbied sommige van die dodelikste vervaardigde stowwe soos DDT, wat 'n hoogs giftige insekdoder is om die uitwerking van chemiese middels te verminder. ✓✓
- Die Rotterdam Konvensie beskerm lande wat nie oor voldoende infrastruktuur beskik om in- en uitvoer van giftige chemikalieë te monitor nie. ✓✓
- Vooraf ingeligte toestemming verseker dat owerhede alle inligting het wat hul benodig om risiko's te assesseer en ingeligte besluite oor die invoer van chemiese afval te neem.✓✓
- Die VN se verklarings vereis inheemse kapasiteitsbou om alternatiewe maniere te gebruik om hulpbronne te bestuur ✓✓
- Die Kyoto-protokol stel bindende teikens vir ontwikkelde lande om die produksie van kweekhuisgasse te beperk, wat help om die uitwerking van klimaatsverandering te verminder ✓✓
- Die Kyoto-protokol is 'n internasionale ooreenkoms waarvolgens ontwikkelde lande ontwikkelende lande betaal vir hul reg om te besoedel. ✓✓
- Die Parys-ooreenkoms beperk die toename in globale gemiddelde temperatuur tot onder 2°C bo pre-industriële vlakke ✓✓
- Parys-ooreenkoms streef na pogings om dit tot 1,5°C bo pre-industriële vlakke te beperk. ✓✓
- Die ooreenkoms het ten doel om globale kweekhuisgasvrystellings te verminder tot dieselfde vlakke wat bome, grond en oseane natuurlik kan absorbeer. ✓✓
- Parys-ooreenkoms het ten doel om finansiering aan ontwikkelende lande te verskaf om klimaatsverandering te verminder en daarby aan te pas. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 10)
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite)**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**SLOT**

Omgewingsprobleme is kompleks, daarom moet oplossings markgebaseerde omgewingsbeleide, owerheidsregulasies en internasionale maatreëls behels om die beskikbare hulpbronne van die land te onderhou.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoë-orde slot) (Max. 2) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African